

Skriflesing: Jer 29:1-14

Tema: God maak my 'n draer van hoop.

Dit is die jaar 597 v.C. Nebukadneser van Babilonië het Jerusalem, hoofstad van die Suidryk binnegeval. Die paleis en tempel is geplunder. Koning Jojagin moes oorgee en die leiers en vooraanstaande mense is in ballingskap na Babilonië weggeneem.

Hier is hulle in 'n heel nuwe situasie: 'n vreemde taal, vreemde gebruike en vreemde gode. Hulle is onseker en sonder hoop. Hulle is moeg en moedeloos, vreemd, kwaad en bang. Het God ons verlaat?

God woon immers in die tempel in Jerusalem! En nou is Jerusalem ver en die tempel is erg beskadig.

Ons hier in Suid-Afrika beleef ons eie ballingskap.

Baie dinge het vanaf 1994 verander. Ek sou 'n lang lys kon opstel wat ek nie gaan doen nie.

Ons beleef verlies van mag. Ons as kerk neem nie meer so 'n sentrale plek in die samelewing in soos vroeër nie.

Ons is vreemdelinge in ons eie land. Baie mense het letterlik emigreer. Talle oorweeg dit. Baie het innerlik geëmigreer. Hulle voel nie meer hier tuis nie. Fisies is hulle nog hier, maar innerlik het hulle onttrek. Hulle het hulle mure hoër gebou. Hulle is moeg en moedeloos, vreemd, kwaad en bang. Hulle het hoop verloor. Hulle het geen drome meer nie.

Hulle vra ook: "het God ons verlaat?"

In hierdie situasie kom die Here en verseker ons: "Ek is die Here die Almagtige." Ons lees hierdie versekering 5 maal in Jeremia 29. Hy is sterker as alles en almal.

Ballingskap is Sy straf op die sonde en ongehoorsaamheid van die volk. Maar ook hierin en hierdeur is die Here in beheer. Ons lees in Jer 29:4 en 14: ⁴So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge **wat Ek uit Jerusalem in ballingskap** na Babel toe weggevoer het:¹⁴Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af **waarheen Ek julle verstrooi het**, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe **waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.**"

Hy is God van Israel, hulle Verbondsgod. Ook in ballingskap is God steeds by Sy volk. Al voel hulle vreemd en onveilig tussen mense wat 'n vreemde taal praat en ander gode dien, God is daar. In liefde dra Hy hulle. Hy sal sy volk nooit los nie.

Soms is dit vir ons moeilik om te glo dat God dit goed bedoel met ons. Maar ons hoef nie te twyfel nie. Ons kan nie twyfel nie: die leë kruis is bewys dat God ons oneindig liefhet. En Hy is by ons.

By ons doop het Hy al vir ons verseker: "Ek wil jou God wees en die God van jou nageslag."

Die volk moet hulle nie steur aan vals profete wat beweer dat hulle sommer gou sal huis toe gaan nie.

God se beloftes staan vas. Op Sy tyd sal Hy hulle laat huis toe gaan. Ons lees in Jeremia 29:10-14: So sê die Here: "Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en

van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.”

Ons almagtige God los Sy volk nooit. Hy is die groot Pottebakker en ons is die klei. Die ballingskap is sy middel tot 'n doel. In ballingskap gaan Hy Sy volk vorm en maak soos wat Hy wil.

As kinders van die Here, is Hy met ons oppad. Daarom het ons hoop vir die toekoms. Terwyl ons op aarde is, lê die beste altyd vir ons voor. Paulus het iets hiervan verstaan. Ons lees in Fil 1:21-24: “²¹want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. ²²As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. ²³Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; ²⁴maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe.”

Daar kom 'n dag dat ons met vreugde sal huis toe gaan, na ons permanente blyplek in die hemel. Maar intussen moet ons ons beywer vir die belange van die plek waar ons woon.

En ons moet hier tekens oprig van God se teenwoordigheid.

Hy roep ons vanoggend op om op te hou om op die ashoop te sit of om in opstand te kom. Hou op om te verlang na die goeie ou dae of om net te sit en droom en wag vir die toekoms wat Hy vir ons waarborg. Gaan voort met julle lewens.

Moenie aan die versoeking toegee om aan die openbare lewe of kerk te onttrek nie. Moenie innerlik emigreer nie. Moenie terugtrek in julle private geestelike en kulturele wêreld waar dit net om jouself gaan nie. Moenie julle self bejammer nie. Moenie leef asof julle slagoffers is nie.

Blom waar Ek julle geplant het! Wees draers van hoop!

In 1 Pet 3:15b word ons opgeroep: “Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.”

Ballingskap is nie ons keuse van lewe nie, maar dit is wat God vir ons gee. Ons is nie besig om net uit te kamp nie. Wys dat jy glo dat waar jy nou is, is waar die Here wil hê dat jy moet wees. Bou 'n huis en leef so goed as moontlik daarin! Ontwikkel die beste omgewing om in te lewe. Julle lewe nou is belangrik, leef dit!

Lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan. Neem produktief deel aan die ekonomie van land.

Laat julle hande vuil word van hierdie aarde, plant bome.

Trou en bring kinders in die wêreld en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Word baie. Daarmee is ons draers van hoop! So wys ons dat ons glo dat ons as gesinne hier 'n toekoms saam met God het.

Bevorder die belange van die stad, want sy belange is ook ons belange. Lewer 'n positiewe bydrae tot die samelewing. Neem deel aan verkiesings.

Bid tot God in die stad. Dien Hom. Volg Hom. Maak 'n verskil vir Hom.

Maar as ons deelneem, moet ons onthou dat ons in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie. Ons moenie soos die ongelowige wêreld word nie. Ons moet onthou wie ons is en leef as kinders van God.

Afsluiting

Die doel van 'n gelowige is nie om so gerieflik as moontlik te leef nie. Dit is om eg, diep, geloofwaardig te leef saam met God.

In jou ballingskapbestaan, moenie vir jouself jammer voel nie. Jy het 'n Almagtige God wat vir jou vashou en nooit sal los nie.

Die omstandighede wat jy ervaar, die huis waarin jy woon, die gesin wat jy het en die werk wat jy doen, is jou geleentheid om nou jou geloof uit te leef. En terwyl jy nou blom waar God jou geplant het, onthou altyd dat ek en jy hierdeur oppad is na 'n beter toekoms.

Amen

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

Soms is dit vir ons moeilik om te glo dat God dit goed bedoel met ons. Die doel van 'n gelowige is nie om so gerieflik as moontlik te leef nie. Dit is om eg, diep, geloofwaardig te leef saam met God. Die omstandighede wat jy ervaar, die huis waarin jy woon, die gesin wat jy het en die werk wat jy doen, is jou geleentheid om nou jou geloof uit te leef. *God maak my 'n draer van hoop.*